
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 17




Skielik bars die deur oop. Vooraan storm Shammar, El-Moeskat, Ben Suliman en 'n menigte van hulle volgelinge. Soos daardie eerste keer is die groepie onder die trap aanmekaar – hierdie keer is Oloff aan die teenoorgestelde kant.
Liggies kap hy Shammar se swaard van hom af weg. Verwoed beur sy op hom af. Dit is vir hom duidelik dat sy hom uitgesoek het as haarpersoon-like teenstander.
Oloff probeer die indruk skep dat hy sy volle kragte inspan. In werklikheid laat hy sy swaard maar teen die van Shammar skuur en keer op keer spring hy effens terug asof hy bang is dat 'n steek van haar hom sal tref....

Stofomslag Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 17



# Hoofstuk 1

Kaptein Oloff van Wagenaar voel of die rapier aan sy sy los in die skede is. Met sterk agterdog beskou hy die donker gebou voor hom. Dan kyk hy op en af in die straat. Hy is hier op die wal van die Seine, maar nie waar 'n brug oor die rivier gaan nie. Die straat loop links van hom teen 'n verrotte houttraliewerk dood. 'n Straatlamp gooi 'n dowwe lig oor die ronde plaveiklippe en die verlatenheid en stilte om hom heen word beklemtoon deur die geklots van die rivierwater teen die klipwal agter die donker houtreling.

Asof hy gerusstelling daaruit wil put, laat hy sy vingers op die koue metaal van die pistool in sy lyfband rus. Hy het 'n leerkniebroek met grys kouse aan en skoene met lae hakke. Sy vaalbruin fluweeldriekwartbaadjie hang los oor die breë skouers. Hy trek sy hand onder die baadjie uit en sy sterk vingers wat tog slank en fyn vertoon, soek na 'n knoop net onder sy lyfband. Hy maak dit vas, maar laat die baadjie verder oop sodat hy die pistoolkolf en die knop van die rapier sonder hindernis kan bereik.

Hy beweeg gemaklik, soos een wat rustig 'n afspraak nakom. Hy het maar 'n oomblik voor die deur geaarsel—asof hy seker wou maak dat dit die regte plek is waarheen hy gekom het. In die flou lig van die twee straatlampe ver weerskante van hom het hy die naam bo die deur gesien: Cafee Des Troulins. Hy druk die deur oop.

Luide geskreeu en gelag en alle aanduidings dat 'n baljaardery in volle gang is, stamp teen sy ore vas. In sy neus druk die reuk van goedkoop wyn in en natgeswete liggame. Sy oë knip vir die warm walms van tabakrook wat met die dampe van 'n menigte olielampe meng.

Hy druk die deur agter hom toe en sluit die stilte van daarbuite af. Hy is in 'n klein portaal wat dof deur 'n enkel lamp verlig word. Die geluide, die reuke en die bedompige lug borrel van 'n keldervertrek af teen die trap op asof dit deur 'n skoorsteen geblaas

word.

,,Soek jy iemand?' Die vraag kom bars en onbeleef van die linkerkant af.

Oloff het binne die drumpel vasgesteek. Doodluiters draai hy sy kop en 'n oomblik lank aanskou hy die man met die bloedbelope oë en die pap gesig waarvan die vel los oor die wangbene en om die kake hang. Maar hy sien ook die kragtige, harige voorarms. Uit ondervinding weet hy watter soort boef gekies word as deurwag van 'n bymekaarkomplek vir mense wat as gevolg van hul leefwyse en geaardheid nie eintlik in beskaafder dele van Parys welkom sal wees nie. Hy weet ook hoe om in sulke gevalle op te tree.

,,Ja,'' antwoord hy koel, maar sy stem is nieteenstaande welluidend en diep beskaafd. Hy wend geen poging aan om die kwaliteit daarvan te verberg nie. ,,Kaptein Aurek Ben Suliman van Barberye.''

Dit ontgaan hom nie dat die oë van die man agter die toonbank effens wyer rek en 'n groter spinnerak van fyn, rooi aartjies oor die oogappels vertoon nie. Dit is asof hy wil orent kom, maar dan sak hy terug in sy stoel. Hy knik in die rigting van die trap.

,,Hy is daar onder,'' is al wat hy sê.

Op sy gemak en asof hy houtgerus is, stap Oloff met die trap af. Voor hom ontplooi 'n toneel soos maar net op 'n plek gevind kan word waar die skuim van die aarde vergader. Hier is misdadigers—van diewe tot moordenaars—en die verstotelinge van die samelewing wat as gevolg van selfsug en dierlike drif nêrens anders kan aanpas nie. Op dié kolletjie in die buitewyke van die stad bestaan geen wette en beperkinge nie. Hier is die magtigste baas en hier verdwyn die spore van geweld heel waarskynlik oor die verrotte houtrelings daarbuite in die donker stil water van die Seine.

Oloff het verwag om so iets hier aan te tref. Aan die ligging daarvan het hy geraai watter soort plek die Cafee Des Troulins—nieteenstaande die naam—in werklikheid is.





Nogtans het hy gekom. Dit was vir hom noodsaaklik sedert hy daardie middag op so 'n geheimsinnige wyse die boodskap ontvang het dat hy 'n afspraak hier moet nakom.

In die stel kamers van die luukse herberg waar hy tuis gaan, was hy besig om aan te trek. Hy en sy verloofde is genooi na 'n bal in die paleis. Dit sou die laaste openbare geselligheid wees wat hulle sou bywoon voordat hy met Rynette du Bois, die dogter van een van die invloedrykste huise van Frankryk en 'n persoonlike vriendin van die koningsgesin, in die huwelik tree.

Skielik het hy die briefie daar op die vloer sien lê. Dit was blykbaar onder die sitkamerdeur ingeskuif. Met ligte verbasing het hy dit opgetel en oopgevou. Sy hand het begin bewe toe hy die kort, saaklike inhoud lees.

Kaptein Oloff, het dit gelui, jy word vriendelik genooi om teenwoordig te wees by 'n bespreking aangaande die toekoms van ene juffrou Anna te Hoogen. Wees om agtuur vanaand by die Cafee Des Troulins en kom ALLEEN. Die naam Kaptein Aurek Ben Suliman van Barbarye is onderaan die brief geteken.

Die handskrif was dié van 'n opgewonde man, en die brief was in Frans geskryf.

Die bravado van die versoek het hom getref. Dit was asof die skrywer sonder die minste twyfel aanvaar het dat Oloff daaraan gehoor sou gee. Dit was asof Oloff 'n ligte spot in die woorde kon aanvoel—die kontras tussen die eerste en die laaste sinne. Onmiddellik het Oloff geweet dat hy hier met iemand te doen het wat sy rigting en doelwitte in die lewe baie helder sien en wat sonder vrees optree.

Lank het hy stilgestaan en na die briefie gekyk. 'n Gevoel van angs vir haar veiligheid het deur hom gegaan by die lees van die naam Anna te Hoogen. En woede en haat het in hom opgestyg toe die woord Barbarye in sy oë brand—die Kus van Barberye: die tuiste van 'n mengelmoes van rasse waarvan elke weerbare man

maar net een beroep navolg—seerowery! Waar handel gedryf word met die bloed en die lewe van mense; waar die stede soos paddastoele opskiet en die inwoners 'n koninklike bestaan op geplunderde buit voer.

'n Paar jaar gelede is Oloff van Wagenaar se vader deur seerowers vermoor. Die jong Hollandse edelman het 'n eed geneem om nie te rus voordat hy die see van die seerowereuwel van die kapervlote bevry het nie. Hy het die moordenaars van sy vader na die kus van Madagaskar gevolg, en daarin geslaag om hom as een van die seerowers daar te vestig. Met sy twee pragskepe, die Seewraak en die Jansje Meer, het hy die kapers in die rug gesteek by elke geleentheid wat hom voorgedoen het.

Maar dikwels het hy te laat op die toneel verskyn om die onskuldige prooi te red. Dan is die swart vlag met die skedel en die gekruisde bene daarop aan die mastoppe van sy skepe gesien en die oorlewendes van die bemannings van handelsvaarders het aangeneem dat Oloff aan die slag deelgeneem het. Mettertyd het Oloff die Seerower bekend geword as die mees gevreesde van almal.

Voordat Oloff sy lewenstaak begin het, het hy Anna te Hoogen ontmoet. Hulle was verloof toe hy hom tussen die seerowers gaan vestig het. Deur haar bemiddelling het Oloff bevriend geraak met haar broer Rynhardt, admiraal van die Hollandse vloot. Rynhardt het geweet dat Oloff onskuldig is en vir sy dienste is Oloff tot kaptein van die Hollandse vloot verhef. Maar dit is alles geheim gehou, want Oloff wou sy strategiese posisie tussen die seerowers nie prysgee nie. Daardeur kon hy altyd van hul bewegings bewus bly en stelselmatig het hy die roetes na die Ooste van kaperbote skoongeveeg.

En juis omdat hy die swerwersbestaan gevoer het, gedurig in doodsgevaar geleef het, kon hy dit nie van Anna verwag om getrou aan hom te bly nie. Hy het haar versoek om hom te vergeet





aangesien hy sy lewe aan die see gegee het. Hy het sy hart in eensaamheid gesluit, maar toe het hy Rynette du Bois uit die kloue van seerowers gered. Ook háár vader is deur seerowers vermoor, en 'n sterk band het tussen haar en Oloff ontstaan.

Toe hy kort daarna 'n verpletterende slag teen die seerowergemeenskap van die Indiese oseaan lewer, het hy besluit dat hy dit aan sy bemannings verskuldig is om iewers 'n tuiste vir hulle te maak. Feitlik elke lid van die bemannings van die Seewraak en die Jansje Meer is sy lewe aan Oloff verskuldig.

Uit die slawekampe van Madagaskar, van die brandende dek van 'n sinkende skip of van 'n dobberende plank op die oop see, het hy hulle gered. Tog wou hulle 'n plek hê waarheen hulle kan terugkeer ná 'n vermoeiende reis. En aan die suidkus van Afrika, langs die mond van 'n rivier, het hulle die dorpie Wagenaarsrust, opgerig.

Oloff het hulle die keuse gegee om na die land van hulle geboorte terug te keer, of op Wagenaarsrust te bly. Maar almal het besluit om hulle op Wagenaarsrust te vestig en het hul vrouens en kinders daarheen gebring. Maar hulle is gedurig gereed om die seë te bevaar indien hulle verneem van die bedrywighede van seerowers.

Met die Seewraak het Oloff na Europa gekom. In Parys het hy by Rynette aangesluit en hul huweliksdag is vasgestel. Alhoewel sy onskuld bewys is, het sy reputasie hom vooruitgegaan en het sy aankoms in Parys heelwat opspraak verwek. Daagliks vind hy dat hy nog die middelpunt van belangstelling is. Avontuurlustige mans soek sy geselskap uit; dames loer hom met vonkelende blik agterna of staar hom met openlike bewondering aan—hierdie man wat 'n paar maande gelede nog bekend gestaan het as die gevreesde Oloff die Seerower en wat nou met soveel sjarmante hoflikheid tussen hule rondbeweeg, wat vir geeneen van die hooghartige adelstand hoef terug te staan nie en wat gesels met 'n wakkere flikkering van humor in sy blou oë. En almal het die huwelik gretiglik afgewag,

want dit sal in die paleis plaasvind en die Koning self sal die bruid weggee.

Vanmiddag, daar in die sitkamer, het Oloff die gebeure van die afgelope paar jaar herleef. Selfs nou, waar hy op die onderste treetjie van die Cafee Des Troulins staan, vergelyk hy die nes van verderflikheid voor hom met die statigheid van die bal in die paleis.

Die middag het hy 'n haastige besoek aan Rynette gebring en aan haar verduidelik dat dringende sake sal veroorsaak dat hulle maar eers laat na die paleis sal kan vertrek. Hy het haar na die beste van sy vermoë met vae verduidelikings gerusgestel en sy het met 'n sug van berusting versoek dat hy tog asseblief so gou as moontlik met sy sake moet klaar kry.

Die verwysing na Anna te Hoogen het Oloff dronkgeslaan. Sover hy weet, kuier sy by die Goewerneur van die Kaap die Goeie Hoop. Tog weet hierdie kaptein Aurek Ben Suliman van haar. Hy weet ook wat Oloff se naam is en waar Oloff tuis gaan.

In alle geval, kom hy van Barbarye en nie vir 'n oomblik twyfel Oloff daaraan dat hy 'n seerowerkaptein is nie. Dit is een van Oloff se grootste begeertes om so veel as moontlik van die seerowers van die Middellandse see op te spoor, want sy hande jeuk om met hulle slaags te raak. Hy is juis van plan om so gou as moontlik ná sy huwelik al sy kragte en vernuf en ondervinding teen hulle in te span. Met elke strooptog het hulle vermetelheid toegeneem en hul vlote het jaarliks met groter parmantigheid verwoesting aan die suidkus van Europa gesaai.

Met al hierdie gedagtes in sy gemoed kyk hy in die vertrek rond. Daar is verskeie deure in die oorkantste muur waardeur slawe met skinkborde vol bier en wyn heen en weer draf. Oor die vloer is tafels versprei waar mans en vrouens sing en gesels en dobbel en drink. Hier vlak by Oloff sit 'n meisie by 'n groep en sy bekyk hom voorbarig van kop tot tone. Haar oë rus op die vlammende rooi hare wat met 'n strik agter sy nek vasgeknoop is. Soos gewoonlik is





dit ongepoeierd. Die wenkbroue en lippe is reguit en sy gesig is gladgeskeer. Die helder blou oë is koel en half geslote. Die meisie sug diep, maar dan pluk die man langs haar aan haar arm en dwing haar aandag na hom toe.

Aan die regterkant van die vertrek is 'n paar tafels waar die rumoer nie so erg is nie. Dobbelstene kletter tussen die glase en bekers rond en die spelers leun met gespanne gelaat vorentoe om die uitslag te sien.

By een van daardie tafels sien Oloff 'n paar donker mans met die tulbande om die kop. Hul teenwoordigheid is heel natuurlik, want in die saal is daar 'n mengelmoes van rasse en 'n uiteenlopendheid van kleredrag asof dit 'n sametrekking van plesiersoekers uit alle oorde van die wêreld is. Tog hou die paar Arabiere Oloff se aandag.

Een van hulle leun terug in sy stoel. Hy lag half honend, uittartend, asof hy die ander wil laat verstaan hoe dwaas hulle is om teen hom te probeer dobbel. Met kort, dik arms gaar hy die muntstukke op 'n hoop voor hom bymekaar. Asof die hoop te groot word na sy sin, gryp hy twee handevol daarvan en gooi dit in 'n sak wat 'n jong slaaf agter sy stoel gereed hou.

Met hierdie beweging kyk die slaaf op—vas in Oloff se oë. Oor die afstand tussen hulle staar albei mekaar 'n oomblik lank roerloos aan. Dit wil vir Oloff voorkom asof die knaap—want hy kan nie veel ouer as sestien of sewentien jaar wees nie—hom herken. En daar is iets in die seun se gelaatstrekke wat Oloff tref. Dit is verfynd en die uitdrukking in die oë is nie dié van 'n bediende nie. Miskien misgis hy hom met sy eerste opvatting; dalk is dit 'n seun van die Arabier.

Die gesette Arabier kyk om. Oloff het die seun se lippe nie sien beweeg nie, maar hy neem aan dat hy die ander 'n teken moes gegee het. 'n Breë glimlag sprei oor die ronde gesig en die klein ogies vonkel verras. Die dik lippe beweeg in 'n bevel en die seun skuif tussen die tafels deur tot voor Oloff.

,,Kaptein Oloff?'' Die stem is heserig en klink beskaaf. ,,My meester versoek dat jy my volg,'' kondig die knaap op foutlose Frans aan toe Oloff knik.

Dan is die kort, gesette mannetjie blykbaar kaptein Aurek Ben Suliman. Oloff kyk nie na links of regs nie. Hy weet dat hy nie veel aandag sal trek nie—hy het hom doelbewus daarna geklee. Hy word bewus van die ligte tred—soos 'n kat wat sy prooi bekruip—waarmee die jong slaaf voor hom uit stap.

Die Arabier het opgestaan. Hy glimlag nog, maar Oloff is nou naby genoeg om die fyn afbuiging om die mondhoeke te sien. Die ronde swart ogies is amper beledigend in hul spottende beskouing van die man wat op hulle neerkyk.

,,A ha!'' roep die Arabier uit. ,,Oloff die Seerower! Ek. . .''

Die paar Arabiere wat by hom is, het agter hom ingeval. Die res van die groep teen wie hulle blykbaar gedobbel het, het ook orent gekom en een van hulle spreek die Arabier nou skerp aan.

,,Het jy gesê ons het klaar gespeel?''

Die Arabier draai stadig om. Hy kyk hulle stil aan en sy oë blits. Sy hele houding spreek van afkeur dat hulle dit durf waag om hom in die rede te val.

,,Dit is wat ek gesê het,'' antwoord hy sag en onheilspellend.

,,Maar jy is gek!'' weer die ander terug. ,,Jy wen die heel aand. Dit is vroeg; jy kan nie nou ophou nie.''

,,Ek het gesê ek hou op!'' Die woorde bevat geen drif nie. Maar die Arabier agter hom begin stadig om die tafel te beweeg. Oloff dink onwillekeurig aan 'n slang wat opgerol lê en gereed maak om sy kop uit te skiet en sy giftande in die prooi te slaan. So dreigend is hul houding dat die paar mans aan die ander kant van die tafel net een vlugtige blik op hulle werp en dan skielik besluit om maar pad te gee.

,,Die skuim ken ons,'' sê die Arabier ewe geselsend asof niks plaasgevind het nie. ,,Ons kom dikwels hierheen vir 'n bietjie





vermaak. Ek is kaptein Aurek Ben Suliman. Sit.'' Dit is 'n bevel. Hy wys na 'n stoel.

Agter hom duur die lawaai voort. Oloff is daarvan seker dat niemand hulle aan die groepie hier teen die muur steur nie. Hy vererg hom bloediglik vir die houding van die kort mannetjie met die lang, gorilla-agtige arms. Hy verroer nie.

,,Ek verstaan uit jou briefie dat jy iets te sê het oor juffrou Anna te Hoogen,'' verneem hy afgemete en met uitdrukkinglose gelaat.

,,Dit kan wag tot later. Sit!''

'n Bitsige antwoord stuit op Oloff se lippe. Die swart ogies is nou venynig. Dit is heeltemal duidelik dat kaptein Aurek nie daarvan hou om teengegaan te word nie. Net vlugtig kyk Oloff na die paar Arabiere agter Ben Suliman en die groot oë van die jong slaaf tref hom. Dit is asof die seun hom met 'n soort van verwagting dophou—maar soos vantevore heeltemal reguit en bedaard.

Stadig neem Oloff plaas. Hy sit met sy rug na die vertrek se kant toe sodat hy die groepie Arabiere almal onder die oog het. Hy sal maar vrede bewaar tot hy uitvind wat aan die gang is. Dit sal nutteloos wees om met hulle skoor te soek en die doel van sy besoek sal verydel wees as hy hulle sonder meer verlaat.

,,Dan is jy nou die man wat glo verskrikking in die Indiese oseaan gesaai het,'' hervat Suliman nadat hy ook gaan sit het en sy makkers stoele nadergetrek het. Net die slaaf bly staan en hou Oloff stip dop.

,,Ek weet nie eintlik wat jy daarmee bedoel nie—jy het 'n briefie...''

,,Jy het jou lyf glo seerower gehou, maar in werklikheid jou broeders in die rug gesteek, nie waar nie?'' Dit is amper 'n beskuldiging.

,,Dit was my saak,'' antwoord Oloff kalm. ,,Ek ken jou nie en ek hou nie daarvan om onder kruisverhoor. . .''

,,Waarvan jy hou, gaan my nie aan nie,'' val Suliman hom skerp